Anglo-Boereoorlog Gr 6 (c)

Graad 6

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Bewus te maak van ‘n belangrike tydgleuf in ons volksgeskiedenis.
2. Te leer hoe ons as volk ontwikkel het sedert die Anglo Boere oorlog.
3. Te laat besef dat ons kan trots wees op ons volk wat nie na die oorlog bly lê het nie.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

Die Oorlog

1. Weet wat het aanleiding gegee tot die oorlog.
2. Weet watter partye was betrokke, asook wie die aanvanklike volksleiers was.
3. Weet watter rol blokhuise en loopgrawe in die oorlog gespeel het.
4. Weet watter tipe ammunisie gebruik is en hoe dit gedurende die oorlog bekom was.
5. Kennis dra van die volgende aksies, hoekom dit toegepas is en wat die uitwerking daarvan op die oorlog was:
   - Verskroeide-aarde beleid.
   - Die konsentrasiekampe.
   - Die bannelinge en die eilande waarheen hulle gestuur was.
   - Guerilla-oorlogvoering.

Die Mense betrokke

1. Weet wie die volgende groepe mense was en wat hulle rol en plek in die oorlog was:
   - Rebelle
   - Joiners
   - Hensoppers
   - National Scouts
   - Verkenners
   - Penkoppe
   - Die vrou
2. ‘n Studie maak van minstens een Boeregeneraal se rol tydens die oorlog. Ook die name ken van nog vier ander bevelvoerders.
3. Kennis maak met Emily Hobhouse en haar bydrae in die oorlog.

Die Afloop

1. Weet waar die vrede gesluit is, wanneer dit gedoen is en wie betrokke was.
2. Vasstel hoe die boere die ondertekening van die vredesverdrag ervaar het.
3. Weet waar ‘n monument vir dié vrede opgerig is en wat die simboliek daarvan is.
4. Die uitwerking van die oorlog op ons volkslewe bespreek.

Vandag

Waardering hê vir die voorgeslagte se opofferings en dit moet hom inspireer tot diens, opoffering en standpuntinname vir volk, land, medemens en God.

Praktiese opdragte – Doen enige 2

1. ‘n Deeglike studie van die Vrouemonument maak.
2. Op ‘n landkaart aandui waar minstens nog tien monumente, standbeelde of gedenknaalde is wat dié era in ons volk se geskiedenis gedenk.
3. ‘n Besoek bring aan ‘n monument, gedenkteken, oorlogsbegraafplaas, slagveld, oorlogsmuseum of ‘n konsentrasiekampterrein.

C AANBIEDING

1. Deur middel van prente, video’s, besoeke en interessante vertellings kan hierdie spesialisasie vir die kind soos ‘n televisiestorie afspeel.
2. Omdat inligting oor die onderwerp vir elke Afrikaner nodig is moet u dit so interessant moontlik oordra. Die kind moet die oorlog kan beleef met sy hartseer, maar ook met sy mannemoed en trots. In die boek “Die Burgemeester van Sannaspos” vertel ons eerste hoofleier, dr N J van der Merwe, van sy ervarings en belewenis tydens die oorlog.
3. Omdat hier baie feite is, is dit verkieslik dat u die inligting oor ‘n paar spanvergaderings soos ‘n vervolgverhaal vir die kinders aanbied.
   - Dit kan tydens ‘n besoek aan ‘n monument gedoen word.
   - Om ‘n kampvuur op ‘n spankamp.
   - Tydens ‘n besoek aan ‘n museum.
   - By een se huis een koue wintersaand: bak pannekoek, luister na Afrikaanse musiek en gesels oor die onderwerp, of neem ‘n video oor die onderwerp uit, kyk saam daarna en gesels na die tyd.
4. Die verteller moet ‘n baie wyer agtergrondkennis hê as wat oorgedra moet word. Daar sal baie vrae wees wat beantwoord moet word. Hoe meer u weet hoe interessanter sal u vertellings wees.
5. Om die kind te anker aan ons pragtige verlede is die besprekings van kardinale belang. Die kind moet met trots en geïnspireerd kan wegstap.